ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

2 Desember 2015

**'N E-POS VAN DIE ONTVANGER**

Geagte Heer / Dame

Met verwysing na my e-pos gedateer 18 Augustus 2015, bring ek u graag op hoogte van sekere kwessies in die betrokke e-pos.

**1. LIKWIDASIE-EN-DISTRIBUSIEREKENING ("L&DR")**

1.1. Ons het enkele besware ontvang oor die L&DR waaroor ek beslis het. Nie een van die besware was geldig nie, en ek het my redes daarvoor aan die geaffekteerde HS-beleggers verskaf – per e-pos aan dié wat e-posadresse het, en per pos aan dié wat nie e-posadresse het nie.

1.2. Dieselfde HS-beleggers – verteenwoordig deur Theron en Vennote ("Theron") – wat 'n onsuksesvolle aansoek teen Orthotouch Beperk ("Orthotouch"), myself en Mnr Nic Georgiou ingedien het om, onder meer, die proses wat in die Reëlingskema ("die Reëling") voorskryf word te stuit, het nou 'n hersieningsgeding in die Hof aanhange gemaak ten opsigte van my beslissing oor twee spesifieke HS-beleggers se besware. (Raadpleeg klousule 4.5 van die Reëling). Orthotouch is die tweede respondent in hierdie saak. Hierdie geding staan apart van die aansoek om die Reëling tersyde te stel.

1.3. Ingevolge klousule 4.5 van die Reëling moet só 'n hersieningsaansoek binne 14 (viertien) dae ingedien word vandat 'n beswaarmaker my kennisgewing ontvang wat die redes uiteensit waarom ek beslis dat 'n beswaar verwerp word.

1.4. Ek verneem dat die hersieningsgeding wat in paragraaf 1.2 vermeld word, nie binne die voorgeskrewe 14 (veertien)-dag-tydperk aanhangig gemaak is nie; te wyte hieraan is die hersieningsaansoek ongeldig, en is die L&DR nou gefinaliseer.

## 2. REGSKOSTE

2.1. Ek vestig graag u aandag op paragrawe 2.4 en 2.5 van my e-pos gedateer 18 Augustus 2015, wat handel oor die uitputting van Orthotouch se finansiële bronne as gevolg van Theron se kliënte wat beuselagtige sake teen verskeie partye aanhangig maak, insluitend 'n poging om die Reëling tersyde te laat stel. Die nuwe hersieningsaansoek soos na verwys in paragraaf 1.2 hierbo, is die jongste voorbeeld van 'n beuselagtige saak wat Theron namens twee van sy kliënte, aanhange gemaak het in 'n poging om die inwerkingstelling van die Reëling te stuit. Die vraag moet gevra word of die twee kliënte van Theron, wat ten beste kan probeer om hul persoonlike regte uit te oefen, na aanleiding van hul persoonlike besware, nadat dit regmatiglik deur my verwerp was, se regskostes betaal word uit die totale "bydraes" van historiese HS beleggers, en of hierdie twee kliënte van Theron persoonlik betaal vir die regskostes aangegaan deur Theron in hierdie onwettige en beuselagtige saak.

2.2. Raadpleeg asseblief weereens paragraaf 2.6 van my e-pos gedateer 18 Augustus 2015, waar ek dit duidelik stel dat, indien die aansoek van Theron se kliënte om die Reëling tersyde te laat stel suksesvol is, HS-beleggers **GEEN** rente **OF** kapitaal sal ontvang soos wat die Reëling uiteensit nie.

2.3. Wat paragraaf 2.2 hierbo betref, het mnr Theron van Theron & Vennote vir my 'n hoogs emosionele brief geskryf, waarin hy my onder meer daarvan beskuldig dat ek die HS-beleggers "mislei" deur die betreurenswaardige feit te stel dat geen fondse na HS-beleggers sal vloei indien die Hof die Reëling tersyde stel nie. Hy sê my e-pos van 18 Augustus 2015 "bevat 'n verskuilde dreigement om rentebetalings op te skort". Dit is verkeerd. Indien die aansoek om die Reëling tersyde te stel suksesvol is, is een van die onomstootlike gevolge dat rentebetalings en kapitaalbetalings ingevolge die Reëling gestaak moet word. Dit sal nie my besluit wees nie, maar 'n outomatiese uitvloeisel van die Hofbevel wat die Reëling tersyde stel.

2.4. Orthotouch moes reeds wesenlike bedrae aan regs- en verwante koste bestee om die Reëling te verdedig. Hierdie fondse, asook bestuurslede se tyd om hierdie sake te hanteer, kan beter tot u voordeel bestee word om die Reëling in werking te stel. Indien hierdie fooie bly styg, kan dit bes moontlik 'n negatiewe uitwerking hê op Orthotouch se kontantvloei en sy vermoë om die Reëling doeltreffend in werking te stel.

2.5. Gesien in die lig van die skade wat hierdie sake aan u toekomstige voordele ingevolge die Reëling kan aanrig, is dit betreurenswaardig dat Theron se twee kliënte vasbeslote is om ongeveer 18 000 HS-beleggers gyselaar te hou.

## 3. ONWETTIGE REGSKOSTE BYDRAE VERSAMELING DEUR THERON

3.1 Dit is onder my aandag gebring tesame met bewysstukke in hierdie verband, dat Theron 'n HS belegger herhaaldelik vir fondse vra om bydraes te maak tot Theron se regskostes in die klas aksie, nieteenstaande dat die belegger skriftelik Theron geadviseer het dat hy nie in 'n finansieële posisie is om sulke bydrae te lewer nie.

3.2 Ek glo dit is my plig om HS beleggers in te lig insake sulke aanmanings vir fondse, want daar is geen waarborg dat die fondse verhaal gaan word na afsluiting van enige regsaksie nie.

3.3 Indien daar enige ander HS beleggers is wat soortgelyke aanmanings vir fondse vanaf Theron deurgaan of deurgegaan het, stel my gerus in kennis, met die nodige ondersteunende dokumente en besonderhede.

## 4. ALTERNATIEWE INGEVOLGE DIE REËLING

Ek verstaan van Orthotouch se Direksie dat vordering gemaak word met die notering van Capital Growth Fund Beperk ("CGF") en dat ek in die eerste helfte van volgende jaar besonderhede hieroor sal ontvang.

Ek sal nie tussen 3 Desember 2015 en 13 Januarie 2016 beskikbaar wees nie, en sal alle kwessies wat met die Reëling verband hou voor en na hierdie datums hanteer.

Die uwe

**DP COHEN**
**Ontvanger**